higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIEREPRODUKSIE
NKR VLAK 2

(1011022)

21 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
DIEREPRODUKSIE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1 Wanneer 'n kuiken uitbroei is dit met donsvere bedek.

1.2 Die bloedvatstelsel vervoer bloed vanaf die longe na die ledemate.

1.3 Kuikens het nie tande nie.

1.4 Die Australorp-hoenderras word vir vleis- en eierproduksie gebruik.

1.5 Voetbaddens waarin 'n mens jou stewels dip voordat jy 'n hoenderhok binnegaan is slegs met water gevul.

1.6 Drinkers is houers wat gebruik word om voer vir voëls te verskaf.

1.7 Koolhidrate is 'n bron van energie vir diere.

1.8 Gematigde bokrasse kan deur die hele jaar teel.

1.9 Boerbokke is groot, stewige diere met 'n wit romp en rooi kop.

1.10 Angorabokke produseer lang hare wat verkoop kan word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Watter EEN van die volgende is nie 'n pluimveesiekte nie?

A Bloutong
B Hoenderpokke
C Gumboro
D Voëlgriep

2.2 ... is 'n tipe voer wat as afrondingsvoer vir braaikuikens gebruik kan word.

A Korrels
B Broumengsel
C Mengsel
D Krummels

2.3 Die verplasing van ou of warm, gekontamineerde lug in geslote hoenderhokke met vars lug deur waaiers te gebruik.

A Droging
B Blasing
C Ventilasie
D Leefbaarheid

2.4 Bokooie is vir ongeveer ... maande dragtig.

A 7
B 3
C 5
D 4

2.5 Die tydperk wat die ram 'n opwelling van hormone beleef en gereed is om te teel.

A Paartyd
B Teeltyd
C Bronstyd
D Leeftyd

2.6 Bokke word ... -diere genoem omdat hulle hul koutjies kou.

A herkou
B enkelmaag
C nieherkou
D dubbelmaag

2.7 'n Suiwelbokras wat vergeleke ander suiwelbokke nie mak is nie maar melk kan produseer wat ryk is aan proteïene en bottervet.

A Alpine
B Lamancha
C Nubian
D Toggenburg

2.8 Alle gewerwelde landdiere asem lug in hul ... in.

A bloed
B aorta
C hok
D longe

2.9 'n Groot swelling in 'n hoender se slukderm.

A Proventrikulus
B Krop
C Ventrikulus
D Abomasum

Kopiereg voorbehou

2.10 Die versameling van vloeistof in die abdominale holte wat swelling veroorsaak:

A Duodenum
B Omasum
C Kannibalisme
D Askites

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die onthoorning van bokke is nie in hierdie tipe stelsel nodig nie	A	duodenum
3.2	'n Suiwelbokras wat groot hoeveelhede melk produseer	B	eendjies
3.3	Bymiddel vir bokke in die vorm van soutlekke	C	30%
3.4	Kom by die ingang na die klein ingewande van die abomasum van 'n bok voor	D	kannibalisme
3.5	In 'n pasgebore boklam maak die grootpens slegs ... van die totale maagarea uit	E	uitgebreide
3.6	Hierdie selle hou verband met die liggaam se immuunstelsel	F	25%
3.7	Jong eende	G	fosfor
3.8	Voëls wat mekaar vreet	H	bevolkingdigtheid ('stocking density')
3.9	Die aantal voëls wat in 'n bepaalde gebied gehou word	I	kardiale siklus
3.10	Die pompaksie van die hart	J	intensiewe
		K	limfosiete
		L	alpine

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30


AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE dele van die kardiovaskulêre stelsel. (3)

4.2 Wat word die bloed genoem wat in die longe met suurstof verryk word? (1)

4.3



[Bron: *https://s3-us-west-2.amazonaws.com/courses-images/wp-content/uploads/sites/1223/2017/02/07184942/Figure_34_01_07-1024x714.jpg*]

4.3.1 Benoem die tipe plaasdier met die spysverteringstelsel wat hier bo getoon is. (2)

4.3.2 Is die dier wat in VRAAG 4.3.1 benoem is 'n herkouer of 'n nieherkouer? Gee 'n rede vir die antwoord. (2 × 2) (4)

4.3.3 Benoem die verskillende maagkamers wat in die diagram aangedui is. (4)

4.3.4 Verduidelik hoedat die maag van die plaasdier wat in VRAAG 4.3.1 benoem is, van dié van pluimvee verskil. (2 × 2) (4)

4.3.5 Verduidelik die simbiotiese verhouding tussen mikrobe en komponent D in die diagram. (3)

4.4 Beskryf die belang van biosekerheid op 'n pluimveeplaas. (2)

4.5 Onderskei tussen die volgende begrippe:

4.5.1 Koronêre en pulmonêre bloedsirkulasie

4.5.2 Linkerlong en die regterlong

4.5.3 Are en slagare

4.5.4 Veselagtige en kraakbeenagtige gewrig

(4 × 4) (12)

[35]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF tekens dat 'n hoender siek is. (5 × 1) (5)

5.2 Verduidelik DRIE faktore wat die gehalte van dagoudkuikens beïnvloed. (3 × 2) (6)

5.3 Noem DRIE tipes voer wat volgens hul ouderdom aan braaihoenders gevoer word. (3)

5.4 Newcastle-siekte is 'n aansteeklike siekte wat hoenders, kalkoene, ganse en eende affekteer.

5.4.1 Gee VYF simptome van Newcastle-siekte in pluimvee. (5 × 1) (5)

5.4.2 Hoe versprei Newcastle-siekte van een hoender na 'n ander? (3 × 2) (6)

5.5 Waarom is dit nodig om 'n hoenderhok vir hoenders te verskaf? (5)

5.6 Verduidelik kortliks VYF faktore wat by die konstruksie van hoenderhokke oorweeg moet word. (5 × 2) (10)

5.7 Voltooi die volgende tabel oor die eienskappe van dagoud braaikuikens van goeie kwaliteit deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.7.1–5.7.3) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

EIENSKAPPE VAN DAGOUD BRAAIKUIKENS	GOEIE KWALITEIT
Naeltjie	Heeltemal gesond
Vere	(5.7.1) …
Bek	(5.7.2) …
Grootte	Normaal
Gedrag	(5.7.3) …

(3 × 1) (3)

[43]

VRAAG 6

6.1. Noem SES bokrasse wat vir melkproduksie gebruik word. (6)

6.2. Beskryf die ekonomiese eienskappe van die Bosveldboerbok ('Kalahari Red'). (6)

6.3 Definieer elk van die volgende:

6.3.1 Onthoorning

6.3.2 Dosering

6.3.3 Vasmaak ('tethering')

6.3.4 Kolostrum

6.3.5 Spening

(5 × 2) (10)

6.4 Verduidelik DRIE maniere om bokke te kastreer. (3 × 2) (6)

6.5 Watter VYF higiëniese praktyke moet bokboere gebruik om hul diere teen siektes te beskerm? (5 × 2) (10)

6.6 Onderskei tussen konsentrate en ruvoer. (2 × 2) (4)

[42]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou